

## HOOFSTUK IV.

### ALGEMEEN.

Die studie van die Afrikaanse taalwetenskap het al moeilike probleme opgelewer; ook op die gebied van die taalgeografie sal dit wel nie uitbly nie. Verskillende omstandighede het die saak ingewikkeld gemaak: daar is 'n gebrek aan behoorlike kennis van die sewentiende-eeuse dialekte waaruit Afrikaans ontstaan het, 'n gebrek aan oorgelewerde bronne waaruit ons 'n enigszins bevredigende kennis van Afrikaans kan kry gedurende 'n lang tydperk van sy ontwikkelingsgang. Ons weet wel — soos reeds geblyk het — dat daar dialektspreekers uit verskillende dele van die Nederlande en Duitsland hulle aan die Kaap gevestig het en dat ons spore van die verskeidenheid in hulle taal tot vandag toe in Afrikaans nog duidelik kan sien.

Maar van hierdie dinge moet ons nog veel meer teweete kom, en nou is die vraag net: hoe? Uit die vorige hoofstuk moet dit geblyk het hoe die taalgeografiese metode hiertoe veel sal kan bydra. Maar tegelykertyd het dit ook duidelik geword hoe 'n groot onderneming dit is om van hierdie metode te gaan gebruik maak, hoe wyd die veld is wat bearbei moet word, selfs nog wyer as ons haas oneindig uitgestrekte vlaktes. Want behalwe dat ons hierdie vlaktes letterlik sal moet deurkruis en bearbei, lê daar 'n groot arbeidsveld nog buite ons grense: daar waar ons ou stamvaders oorspronklik vandaan kom.

Waar moet 'n mens dan begin? Met die opmeet van ons eie gebied as geheel, of net van ons eie, onmiddellike omgewing of met die gebied buite ons grense?

Dit hang baie van omstandighede af, en maak nie so danig saak waar 'n mens nou juis begin nie: solank jy met die een deel besig is, leer jy gedurig daaruit watter gegewens uit die ander gebied van belang is. Aanvanklik het ek dus heeltemal voor gaan begin, d.w.s. met 'n bearbeiding van die gebied waar ons taal oorspronklik vandaan kom, die lande van herkoms van ons stamouers. Maar 'n voortsetting van hierdie werk is deur die oorlog onderbreek, en gelukkig is daar genoeg ander terrein waaraan 'n mens intussen kan werk.

Die deeglikste werk kan 'n mens natuurlik doen as jy in jou eie omgewing begin, met die taal wat jy dus die beste ken. Daar het 'n mens die beste geleentheid om self waarnemings te maak en kan jy ook noukeurig rekenskap gee van wat jy hoor. By 'n vreemde klank is dit gladnie so maklik om presies *was* te stel wat mens hoor nie. Nou hoef hierdie oorweging by ons eger nie so swaar te weeg soos in ou taalgemeenskappe met hulle sterk afwykende dialekte nie, maar tog lê dit voor die hand dat mens in jou eie omgewing beter werk sal kan doen as êrens anders. Maar om heeltemal in die noorde te gaan begin, maak die werk besonder moeilik; soos in die vorige hoofstuk uiteengesit, het ons hier met 'n sekondêre taalgebied te maak, 'n toestand wat baie probleme oplewer wat moet duidelik word uit 'n studie van die primêre gebied. Daar is bv. in baie opsigte 'n merkbare verskil tussen die taal van die ouer en van die jonger geslag in die noorde: is dit nou toe te skrywe aan die invloed van die algemeen-beskaaf, of watter rol speel die invloed van die Westelike Provinsie miskien? Waar die algemene vorm van die Westelike Provinsie ooreenstem met dié van die algemeen-beskaaf en die dialektiese vorm nog goed daarin geslaag het om stand te hou in die oostelike Kaapprovinsie, vertoon die dialektiese vorm in laasgenoemde 'n taamlik aaneengeslote gebied wat hom vry skerp afgrens teen die gebied van die Westelike Provinsie (vgl. bv. die *laag*-kaart.)

Tog lyk dit taamlik duidelik dat die vorm van die Westelike Provinsie hom uitbrei na die noorde: op verskillende kaarte vertoon

die noorde 'n groter ooreenkoms met die Westelike Provinsie as wat die oostelike Provinsie doen. Die invloed verbrei hom seker ook wel van een kant af, stelselmatig van plek tot plek. Maar blykbaar veel belangriker, en met die eerste oogopslag ook duideliker te sien, is die spronge wat dit maak. Oor haas die hele gebied is die invloed tegelyk aan die gang en ook op die kaarte te sien: tot in die uiterste noorde het die suidelike spreekvorm sy voorposte. Orals ontstaan daar eilandjies. 'n Vry beperkte gebied kan dus sy teenstelling oplewer in verskillende gevalle. Maar dan is dit nog gladnie te sê dat dié teenstelling net aan daardie bepaalde gebied eie is nie; in die meeste gevalle sal ons daardie selfde verskynsels in verskillende gebiede oor die hele land terug vind — behalwe miskien in 'n deel van die Kaapprovinsie.

Daarom dat dit my van so groot belang gelyk het om eers 'n beeld te kry van die taalgebied in sy geheel — hoewel dan ook 'n onvolledige en deels onbetroubare beeld — voordat die studie van die een of ander beperkte gebied die gewenste uitkomstes sal kan oplewer. Die verhoudinge in 'n beperkte gebied is alleen te verstaan as 'n mens hulle in breër verband sien, waardeur die verskillende wyse van uitstraling aan die lig kom: aan die een kant die

„Strahlungen nur landschaftlichen oder lokalen ausmaszes" en daarteenoor die „überlandschaftlichen das ganze Sprachgebiet bestreichenden Strahlkräften."<sup>1)</sup>

Om die rigtings van die uitstraling by ons bloot te lê en daarmee die kragte wat daaragter sit te kan ondersoek, is daar taalkaarte van die hele gebied nodig.

Aleer nou 'n begin te maak met die intensiewe bewerking van 'n klein onderdeeljie van ons taalgebied, het dit van belang gelyk om eers 'n insig te kry in die werking van die uitstraling oor ons

---

<sup>1)</sup> Adolf Bach: Deutsche Mundartforschung § 48.

taalgebied. Daarom het ek dan begin stof versamel vir 'n aantal taal-kaarte van die hele Afrikaanse spraakgebied binne die Unie.

Dit sal onmiddellik duidelik wees dat 'n mens nie al hierdie informasie self kan insamel nie. Hiervoor het jy die hulp nodig van 'n groot aantal medewerkers wat hulle vir die saak interesseer. Om sulke medewerkers te vind, is 'n hele organisasie voor nodig; dit vereis veel korrespondensie om die geskikte en gewillige persone te kry. Aan die begin sien 'n mens byna nie kans om met so 'n onderneming op eie houtjie te kan begin nie. En as 'n mens vooraf sou weet van nog al die onvoorsiene moeilikhede wat hulle algaande voordoën, sou dit nog heelwat meer moed geverg het om dit aan te durf.

Met die opstel van die vraelys is daar verskillende faktore wat oorweging vereis: die medewerkers moet 'n bietjie ingelig word sonder om hulle van die taak af te skrik. So kort moet 'n mens dit vat dat baie noodsaaklike dinge onaangeroerd moet bly. En dan die vrae: die moet kort en maklik wees, en geen geleentheid bied vir enige misverstand nie. Veral moet die lys nie te lank wees nie. Maar met te min gegewens kan 'n mens ook weer nie veel bereik nie, met die enigste uitweg dat dit van tyd tot tyd met nuwe vraelyste sal moet aangevul word. Dit lewer weer geldelike besware op: dink aan die korrespondensie met 2,000 of 3,000 medewerkers!

Vandaar dat my vraelyste — uit die standpunt van die medewerkers gesien — eintlik veels te lank was. Na 'n bietjie ervaring sal 'n mens met 'n heelwat korter lys tog voorlopig genoeg informasie kan kry, maar aan die begin tas 'n mens taamlik in die duister: dis so moeilik om vooruit te weet watter gevalle iets van belang gaan op-ewer.

Al gaande leer so 'n onderneming 'n mens veel, o.a. ook dat mens met beperkte tyd en geld soiets miskien eintlik nie moet begin nie. Maar skoolgeld is nie verlore geld nie; baie foute en onnodige omslagtigheid sal in die vervolg vermy kan word. Dit was dan eintlik

die noorde 'n groter ooreenkoms met die Westelike Provinsie as wat die oostelike Provinsie doen. Die invloed verbrei hom seker ook wel van een kant af, stelselmatig van plek tot plek. Maar blykbaar veel belangriker, en met die eerste oogopslag ook duideliker te sien, is die spronge wat dit maak. Oor haas die hele gebied is die invloed tegelyk aan die gang en ook op die kaarte te sien: tot in die uiterste noorde het die suidelike spreekvorm sy voorposte. Orals ontstaan daar eilandjies. 'n Vry beperkte gebied kan dus sy teenstellinge oplewer in verskillende gevalle. Maar dan is dit nog gladnie te sê dat dié teenstellinge net aan daardie bepaalde gebied eie is nie; in die meeste gevalle sal ons daardie selfde verskynsels in verskillende gebiede oor die hele land terug vind — behalwe miskien in 'n deel van die Kaapprovinsie.

Daarom dat dit my van so groot belang gelyk het om eers 'n beeld te kry van die taalgebied in sy geheel — hoewel dan ook 'n onvolledige en deels onbetroubare beeld — voordat die studie van die een of ander beperkte gebied die gewenste uitkomstes sal kan oplewer. Die verhoudinge in 'n beperkte gebied is alleen te verstaan as 'n mens hulle in breër verband sien, waardeur die verskillende wyse van uitstraling aan die lig kom: aan die een kant die

„Strahlungen nur landschaftlichen oder lokalen ausmaszes” en daarteenoor die „überlandschaftlichen das ganze Sprachgebiet bestreichenden Strahlkräften.”<sup>1)</sup>

Om die rigtings van die uitstraling by ons bloot te lê en daarmee die kragte wat daaragter sit te kan ondersoek, is daar taalkaarte van die hele gebied nodig.

Aleer nou 'n begin te maak met die intensiewe bewerking van 'n klein onderdeeljie van ons taalgebied, het dit van belang gelyk om eers 'n insig te kry in die werking van die uitstralinge oor ons

---

<sup>1)</sup> Adolf Bach: Deutsche Mundartforschung § 48.

taalgebied. Daarom het ek dan begin stof versamel vir 'n aantal taal-kaarte van die hele Afrikaanse spraakgebied binne die Unie.

Dit sal onmiddellik duidelik wees dat 'n mens nie al hierdie informasie self kan insamel nie. Hiervoor het jy die hulp nodig van 'n groot aantal medewerkers wat hulle vir die saak interesseer. Om sulke medewerkers te vind, is 'n hele organisasie voor nodig; dit vereis veel korrespondensie om die geskikte en gewillige persone te kry. Aan die begin sien 'n mens byna nie kans om met so'n onderneming op eie houtjie te kan begin nie. En as 'n mens vooraf sou weet van nog al die onvoorsiene moeilikhede wat hulle algaande voordoen, sou dit nog heelwat meer moed geverg het om dit aan te durf.

Met die opstel van die vraelys is daar verskillende faktore wat oorweging vereis: die medewerkers moet 'n bietjie ingelig word sonder om hulle van die taak af te skrik. So kort moet 'n mens dit vat dat baie noodsaaklike dinge onaangeroerd moet bly. En dan die vrae: die moet kort en maklik wees, en geen geleentheid bied vir enige misverstand nie. Veral moet die lys nie te lank wees nie. Maar met te min gegewens kan 'n mens ook weer nie veel bereik nie, met die enigste uitweg dat dit van tyd tot tyd met nuwe vraelyste sal moet aangevul word. Dit lewer weer geldelike besware op: dink aan die korrespondensie met 2,000 of 3,000 medewerkers!

Vandaar dat my vraelyste — uit die standpunt van die medewerkers gesien — eintlik veels te lank was. Na 'n bietjie ervaring sal 'n mens met 'n heelwat korter lys tog voorlopig genoeg informasie kan kry, maar aan die begin tas 'n mens taamlik in die duister: dis so moeilik om vooruit te weet watter gevalle iets van belang gaan oplewer.

Al gaande leer so'n onderneming 'n mens veel, o.a. ook dat mens met beperkte tyd en geld soiets miskien eintlik nie moet begin nie. Maar skoolgeld is nie verlore geld nie; baie foute en onnodige omslagtigheid sal in die vervolg vermy kan word. Dit was dan eintlik

ook maar die voorarbeid vir 'n Afrikaanse Taalatlas. Sodra 'n mens eers met sprekende resultate kan wys waarmee jy besig is, kan jy verwag om van die medewerkers meer belangstelling, beter insig en gevolglik meer en betroubaarder gegewens te verkry. Dit is inderdaad nie so vanselfsprekend soos 'n mens miskien sou dink dat elkeen weet waaroor dit gaan nie, nie wat betref die medewerkers nie, en nog minder die proefpersone.

Interessant is dit in hierdie verband wat Prof. Kloeke aanhaal na aanleiding van sy oproep: „Dialektgeographie in zakformaat”, waarin hy die vertaling van 'n twaalftal woorde en uitdrukkinge in plaaslike dialek vra. Een medewerker skrywe dat hy geneig sou wees om dit as 'n Aprilgrap te beskou as hy dit op 1 April ontvang het.<sup>1)</sup>

Baie mense wil maar nie insien dat jy in die „verkeerde” vorme belangstel nie, juis die vorme waarmee die juffrou en meester op skool soveel moeite het. By die ondervraging van proefpersone merk 'n mens gedurig hoe hierdie vooroordeel van die skool af al deurgedring het tot die tagtigjarige grysaards, waardeur 'n mens soms met onberekenbare moeilikhede te kampe kry. Hulle beskou die ondervraery as 'n soort eksamen, en wil dan altyd verduidelik watter vorm die „regte” is. Naderhand moet 'n mens direk vra: maar sê u nie soms ook *leegte* nie? „Ja, ons sê gewoonlik somer so, maar ek glo nie dis reg nie!”

Is daar jonger mense in die huis, kan dit die saak heelwat vergemaklik. Hulle begryp dikwels makliker waarom dít gaan, en hulle het vanself ook al opgemerk dat daar verskillende vorme voorkom. Nie selde nie gee dit aanleiding tot veel plaery en stryery op skool. Hoewel hulle dikwels al iets anders aangeleer het, kan hulle nog goed rekenskap gee van die taal van hulle ouers. Maar ook by hulle kry 'n mens soms moeilikheid, veral met sekere woorde soos *kind*, *gif*, *perskes*, waarvan sommige plaaslike vorme soos *kjind*, *sjif* of *geef*, *perskies* of *sperskies* soms as onbeskaaf bestempel word. Om

---

<sup>1)</sup> Handleiding, bl. 22.

van sy uitspraak seker te wees, moet 'n mens die proëfpersoon op hierdie uitprake eenvoudig betrap. Want ook die jongmense wil dikwels gladnie erken dat hulle ouers sê *kjind* of *spensioen* nie. En lank nie altyd kan 'n mens dit sover kry dat sulke woorde heeltemal ongedwonge in die gesprek voorkom nie.

In sulke gevalle kan 'n goeie medewerker dus baie beter informasie inwin, nie net omdat hy meer geleentheid het vir waarneming nie, maar ook omdat hy in die geleentheid is om die beste proëfpersoon uit te kies, en dan gaan dit baie makliker. Waar 'n mens dit goed tref, vind jy ook onder die eenvoudigste mense dat hulle intelligent is, gou begryp wat jy wil hê en dikwels nog weet om jou op allerlei puntjies attent te maak. Dikwels kan hulle dan ook heelwat nuttige inligting verskaf oor die taal van die vorige geslag.

Hieruit blyk hoeveel daar afhang van die keuse by proëfpersone. Verskillende medewerkers maak ook melding van moeilikhede wat hulle by die ondervraging ondervind, soos een sê: „Die leerlinge wil maar soos dit *moet* wees; die oues met wie ek spesiaal gaan gesels het, wil redeneer, dus moet ek meestal op my eie waarnemings afgaan (U. 29). Met sulke medewerkers kan 'n mens veel uitvoer, in baie opsigte selfs meer as met eie waarneming, al sou 'n mens die hele land self kon afreis. Want iemand wat 'n groot gebied moet opmeet, het nie baie tyd om te redeneer nie en nog minder geleentheid om die mense onverhoeds op hulle egte uitspraak te betrap.

Ongelukkig bestaan hierdie vooroordeel ook nog by baie van die medewerkers self, en verseker sommige my dat „die meeste mense hierlangs min of meer korrek praat.” Volgens 'n ander „hang woorde en uitdrukkings van die omgewing af; vandaar dat Afrikaans in die *regte* vorm nog lank nie behaal is nie, d.i. in baie dele. In 'n vergeleë deel sal 'n *sesser* bv. 'n fraai stelletjie oor 'n volstruis skrywe, en tog bevat dit min of geen afgeronde Afrikaanse sinnetjies: deurgaans is dit daelike omgangstaal, in harde vorm.” Hoe graag sou 'n mens nie 'n aantal van hierdie „stelletjies” uit alle dele van die land wil besit nie!



Die ongeluk is nou dat die vooroordeel teen sekere taalvorme dikwels die werk moeilik maak. As gevolg daarvan het baie van die vraelyste teruggekom sonder enige bruikbare informasie; in die meeste gevalle het sodanige persone glad nie eers die lys te ruggestuur nie, waarskynlik eenvoudig omdat die „verkeerde, slordige” manier van praat hulle nie interesseer nie. Ander let weer baie op die eenaardighede omdat dit moet uitgeroei word: „Baie van die woorde word hier gebruik deur die ou mense. Die leerlinge in die skool hoor die korrekte en die verkeerde. Hulle neem nie hoedanig daardie verkeerde uitspraak in gebruik nie — *daar word op gewys*. My gedagte is dat na verloop van jare die verkeerde uitspraak baie minder gehoor sal word, en nog later dit sal verdwyn.” (c 45).

Ook is daar baie medewerkers wat tog wel op die versoek gereageer het hoewel dit duidelik is dat hulle geen besondere belangstelling aan die dag lê nie. Onontbeerlike gegewens ontbreek dikwels, met die gevolg dat die lys te as waardeloos opsy gesit moet word. So was daar uit die Transvaal alleen ’n goeie vyftig gevalle waarvan die medewerkers nie die paar besonderhede aangegee het nie, soos die plaas, skool, distrik. So’n lys is dan waardeloos, hoe noukeurig dit origins ook ingevul mag wees. Hoewel dit in die vraelys uiteengesit is, is dit klaarblyklik nog nie vir almal duidelik genoeg dat dit gaan om die taal van elke medewerker se onmiddellike omgewing nie. Dan moet ’n mens tog ook weet vanwaar die gegewens presies afkomstig is. Hierdie besonderhede is juis soveel moontlik beperk — selfs eintlik te veel — om die medewerkers nie dalk af te skrik nie. Om van die ingekome lys te die beste gebruik te kan maak, moet ’n mens naamlik ook die ouderdom van die medewerker en sy proefpersoon weet, asook waar hulle gebore is en grootgeword het, of die medewerker wel ’n bepaalde proefpersoon geraadpleeg het, benewens nog die een en ander oor de lokale geskiedenis en sosiale verhoudinge.

Miskien is 'n mens onnodig huiwerig om na al hierdie dinge te vra, want die werklik geïnteresseerde medewerker — waarvan daar gelukkig heelparty is — ontsien geen moeite en tyd nie. Tipies van hierdie groep medewerkers is dit wat een skrywe: „Dit is eksamen-tyd, trekkerwaens ens. en u taak is 'n moeilike taak, maar dis liefde-werk nietemin.” En dan skrywe hy nog vier volle blaaie om sy besonder interessante stof mee te deel. Sulke briewe maak die werk 'n genot, en 'n mens voel lus om op almal te antwoord, hoe 'n geweldige taak dit ookal sal wees.

Verskillende persone maak self opmerkings in verband met die ouderdom van die proefpersone. Dit is immers duidelik dat baie verskynsels in die taal aan die uitsterwe is en nog net deur die oudstes gebruik of onthou word. G 105 skrywe: „Proefpersoon: ou inwoner sowat 75 jaar oud wat hier gebore is en grootgeword het. By ondervraging het hy kort-kort gesê: Ja, die woord het ek as kind hier gehoor en gebruik, maar nou word dit nie meer gehoor of gebruik nie.”

Dit bring my al dadelik by 'n volgende puntjie van belang, nl. die wyse waarop die lys saamgestel is. Anders as wat gewoonlik gedoen word, staan op hierdie lys by die meeste vrae 'n paar van die verskillende vorme naas mekaar. So'n lys het ernstige nadele: dit kan die medewerker verlei om die verskillende vorme te noem en dan moet die proefpersoon sê watter hy gebruik. Op die manier kry 'n mens sekerlik nie die beste resultate nie; daarvoor moet 'n mens hulle sover kry om self die woorde te gebruik, sonder dat die een of ander vorm aan hulle voorgesê word.

Maar daarvoor moet die medewerkers al taamlik op hoogte wees met die soort werk, anders sal baie van hulle miskien nie begryp wat 'n mens van hulle wil hê nie. In die ouer taalgemeenskappe is dit maklik, daar word net gevra om 'n vertaling in die plaaslike dialek. Hier kan ons nie soiets vra nie, die opvatting is te algemeen dat ons niks van dialekte in Afrikaans het nie. Ons is baie

geneig om elkeen te dink dat die taal soos ons hom ken, die „beste“ Afrikaans is.

Tenspyte van die nadele daaraan verbonde, het ek dan besluit om verskillende vorme op die lys aan te gee uit vrees dat te veel medewerkers sou antwoord: „hier by ons praat die mense min of meer korrek.“ Al is dit dan volgens hulle mening ook so, kan hulle tenminste die korrekte vorm aandui. Dit maak die opdrag tegelyk ook maklik en interessant: dit is net nodig om 'n strepie te trek en hier en daar miskien iets by te voeg. By baie persone sal so'n vraelys ook die belangstelling prikkel met al die vreemde vorme, of ou bekendes wat 'n mens anders nooit geskrywe sien nie. En sodra iemand hom interesseer — of selfs amuseer — bestaan die moontlikheid dat hy hom daarmee 'n bietjie moeite sal getroos. Wat die rede ook al mag wees, maar die ondervinding het geleer dat die vraelyste met verskillende wisselvorme naas mekaar, verreweg die beste resultate oplewer.

Hieruit sal so langsamerhand duidelik geword het hoe noodsaaklik dit is om krities te staan teenoor die materiaal wat deur middel van die vraelyste ingesamel is. Die persoon wat hom besig hou met die verwerking van dergelike stof sal dan ook die laaste een wees wat sal wil voorgee dat die kaarte bo kritiek verhewe is. Hy sal eerder probeer kritiek uitlok, omdat dit hom veel kosbare inligting kan verskaf. So bv. met die grenslyne van die verskillende taalverskille op die sketskaart nr. 1. Elkeen kan sien dat die lyne hier en daar 'n bietjie willekeurig getrek is omdat die gegewens uit sekere dele taamlik karig is; soms ontbreek dit juis net daar waar die grens langs loop aan inligting en kan 'n mens nie presies vasstel of hy dalk tien myl verder ooswaarts of twintig myl terug na die weste moet verskuiwe word nie. As iemand met 'n deeglike kennis van die taal uit dié streek dan maar van hom wil laat hoor, is hy baie welkom.

Met heelwat stof tot jou beskikking kan 'n mens die betroubaarheid van die kaarte baie verhoog. Deur 'n noukeurige, oordeel-

kundige gebruikmaking van die ingekome vraelyste kan 'n mens deur die een met die ander uit dieselfde omgewing te vergelyk, maklik vasstel of 'n bepaalde medewerker die vrae sorgvuldig en noukeurig beantwoord het of nie. Bestaan daar twyfel, kan mens so'n vraelys eevoudig opsy lê en verdere navraag doen.

Waar iemand bv. in 'n *hunning-gebied* albei vorme *hunning* en *heuning* aangee, is dit nie nodig om te twyfel nie: hoofsaak is dat die nie-algemeen-beskaafde vorm daar wel voorkom. In sulke gevalle is dit taamlik veilig om ten gunste van die verdwynende vorm te besluit, die vorm wat nie die steun van die skryftaal het nie (Sien ook Heeroma: *Holl. Dialektstudies*, bl. 8). Nou moet 'n mens jou natuurlik daarvan rekenskap gee watter vorme aan die verloorkant is, en dit is lank nie altyd maklik nie. Waar die skryftaal net een vorm ken, is dit maklik, want waar die ander vorm dan nog voorkom, sal 'n mens geneig wees om die een wat vir die skryftaal aan terugwyk is, as die oorspronklike van die omgewing te beskou. Wel is dit nog die vraag of 'n mens aan die algemeen-beskaaf so'n groot invloed moet toeskrywe. Oor die algemeen meen ek van wel, maar dis moontlik dat 'n mens in dié opsig soms ook te konsekwent kan wees. Waar ek grenslyne wil trek soos in sketskaart nr. 1, gaan ek wel van hierdie standpunt uit, maar anders kies ek liever 'n spesiale teken wat aandui dat albei vorme naasmekaar voorkom. (Sien die *heuning-kaart*). Interessant in hierdie verband is dit dat een van die medewerkers opmerk dat *hunning* in sy omgewing in die laaste tyd toegeneem het ten koste van *heuning*. Hier sal dit weer van besondere waarde wees om uit elke gebied proefpersone te kies uit die verskillende leeftye.

Nog 'n faktor van metodiese belang is die aard van die afsonderlike vrae. Sommige gevalle is makliker waar te neem as ander. Vir die leek is dit maklik genoeg om vas te stel of die proefpersoon sê *aartappel* of *ertappel*, *hoër* of *hoger*, *dit kom reent* of *dit gaan reent*, terwyl dit in talle ander gevalle lank nie so maklik is nie. Die ge-

gewens oor gevalle soos hierdie kan dan as taamlik betroubaar beskou word, sodat mens daarop gevolgtrekkinge sal kan baseer. Anders is dit met gevalle soos *mos/moes*, die uitspraak van sekere vokale, soos die oo en ee in woorde soos *loop*, *eet* en so meer. Waar dergelike gevalle in die vraelys opgeneem is, was die bedoeling dan ook glad nie om op grond daarvan dié bepaalde verskynsels in kaart te bring nie; dit is maar bedoel as 'n proef om te sien in hoeverre 'n mens ook vir dergelike gevalle bruikbare inligting op die wyse kan inwin.

Uit die vraelyste kan 'n mens dus veel leer, solank jy net nie daarvan meer verlang as wat dit kan gee nie. Vir 'n ondersoek in breë trekke is die indirekte metode onontbeerlik; vir die sintaksis en meer nog vir die woordgeografie beskou Roukens dit as die aangewese metode.<sup>1)</sup>

Die uitstuur van vraelyste moet dus gladnie beskou word as 'n noodsaaklike kwaad nie, as 'n metode waartoe 'n mens jou toevlug neem alleen wanneer jy om praktiese redes nie self die land vir eie waarneming kan afreis nie. Die hulp van die medewerkers beteken veel meer as net dit, soos hier en daar al reeds deurgeskemer het. Die direkte en indirekte metodes moet mekaar noodsaaklik aanvul.<sup>2)</sup> Behalwe die voordeel dat die medewerker sy omgewing beter ken, sy proefpersoon dus beter kan uitkies en meer geleentheid het om waarnemings te maak sonder 'n spesiale ondervraging van die proefpersoon, kan die indirekte metode as voorarbeid 'n belangrike bydrae lewer.

Deurdadig daar op die gebied van dialekonderzoek by ons nog so min gedoen is, het 'n mens nie genoeg informasie tot jou beskikking om 'n enigszins bevredigende vraelys op te stel nie. Nou kom

---

<sup>1)</sup> Grootaers: Handleiding bl. 43.

<sup>2)</sup> Vir 'n breedvoerige bespreking, sien Win. Roukens: Wort- und Sachgeographie in Niederländisch-Limburg und den benachbarten Gebieten. Teil IA. Nymegen 1937.

dit daarop aan of die foute wat jy daarin begaan herstelbaar is of nie. Word dit met 'n vraelys begaan, kan dit in 'n volgende sirkulêre verbeter word. Of, dan weet 'n mens tenminste om daarvoor op jou hoede te wees as jy later vir direkte waarneming daarop uitgaan. Kom 'n mens dit egter eers agter nadat jy alreeds 'n end op weg is met jou eie waarneming, is dit nie meer so maklik goed te maak nie. Dit kom daarop neer dat mens uit die vraelyste soveel moontlik moet leer; eers daarna kan dié gegewens op die beste manier aangevul word deur direkte waarneming.

My materiaal vir die woord *waskom* blyk heeltemal onbevredigend te wees: in baie gevalle word albei vorme *waskom* en *was-skottel* aangegee. Die aantekeninge van enkele medewerkers het my aandag daarop gevestig dat die fout by die vraag lê. Minstens in sekere streke kom albei vorme voor, en wel in die gebruik van *waskom* of *kamerkom* vir die kamer en *wasskottel* of *kombuisskottel* vir die kombuis. In sekere dele sal *kom* en in andere weer *skottel* in albei betekenisgebruik word, met daarnaas 'n gebied waar albei voorkom met hierdie betekenisverskil. Die gegewens laat 'n mens dit in ieder geval sterk vermoed. In hoeverre dit in sekere dele saamval met die gewoonte om dieselfde voorwerp vir albei doeleindes te gebruik, sal die volkekunde ons moet leer. Nou die vraag nie duidelik genoeg gestel is nie, lewer die lyste vir hierdie interessante geval nie sodanige materiaal op dat dit in kaart gebring kan word nie.

Nog 'n dergelike geval lewer die woord *more op*. Albei vorme *more* en *môre* kan by een en dieselfde persoon voorkom, soos in die volgende sinne: goeie *môre*! *more* is dit Woensdag.

Sulke gevalle vereis 'n besonder noukeurige waarneming wil die kaarte enigszins betroubaar wees. 'n Mens sal die uiterste versigtigheid in ag moet neem en in geen geval die twee sinne direk na mekaar deur die proefpersoon laat uitspreek nie. Uit dieselfde oorweging is dit by die opstel van die vraelys sover moontlik vermy om woorde wat tot dieselfde kategorie hoort, soos *oë—oge* en *hoër—*

*hoger*, onmiddellik opmekaar te laat volg. By die uitspraak van die een woord moet die segsman gladnie bewus wees van ander uit die kategorie nie, anders kan dit invloed op sy uitspraak hê.

Soos dit telkens al geblyk het, is dit ook in dergelike gevalle, waar besonder noukeurige waarnemings nodig is, gladnie te sê dat die direkte metode die betroubaarste stof gaan oplewer nie. As 'n mens belangstellende medewerkers het en hulle nie met alte lang lyste lastig val nie, kan hulle nog eerder die waarheid te wete kom as die ondersoeker wat haastig die lys afvra en weinig geleentheid het om na die taal in die gewone omgang te luister.

Daarom was dit so besonder bemoedigend om te sien hoeveel belangstelling daar vir die werk bestaan. Met 'n goeie organisasie sal dit gladnie onmoontlik wees om voldoende goeie medewerkers te kry nie. Die aanbeveling van die Transvaalse Onderwysdept. het 'n baie gunstige uitwerking gehad, sodat daar, wat die Transvaal betref, 'n goeie vyftig persent van die vraelyste terugontvang is. Die res van die land is veel minder goed verteenwoordig, maar daar sal wel nog medewerkers te vinde wees. En op grond van die antwoorde op 'n vraag wat by 'n aantal van die vraelyste ingesluit was, moet 'n mens aanneem dat sowat almal wat hulle lyste teruggestuur het, gewillig is om weer informasie te verskaf. As die boekie daartoe kan bydra om meer medewerkers te vind en om die wat reeds hulle gewilligheid getoon het meer vir die onderneming te interesseer, deur te laat sien wat die doel met die materiaal is, sal dit aan sy vernaamste doel beantwoord het.